Ges. 14: 1, 4.
" 71: 1, 2, 5.
" 12: 4, 5.

# God wil die lewe!

S 40 | Aand. 25 Nov. 62

Rom. 12: 9-21

Matt. 22: 39 - En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

„Jy mag nie doodslaan nie" So klink die 6e gebod - die gebod wat vandag op alle gebiede v.d. mensl. lewe bevraagteken, betwyfel, verkeën word. Want d. mens van ons dag het al so aan doodslag gewoond geraak dat sulke woorde soos dié van Exodus 20: net nie meer indruk maak nie. Dit laat my dink aan die gids wat na die 2e W.O. in 'n museum v. Mid.-eeuse oudhede 'n swaard vertoon het m.d. imposerende aankondiging: 800 lewes in 400 jr. gedood. „Het soo?" 'n Kind gevra. Ja - as 'n man soos Hitler onder 'n bose sisteem stelselmatig miljoene mense laat vergas en vernietig het; as een atoombom 100,000 mense in paar sekondes verbrand - wat is dan die sonde om een mens se lewe te neem?

Ek dink dit was, behalwe die diepe en warme meegevoel in hulle harte met 'n moeder in haar angs en wroeging, een v.d. drangredes wat 'n hof daartoe gebring het om 'n uitspraak v. onskuldig te doen oor 'n moeder wat aangekla gestaan het dat sy moord gepleeg het - die gedagte: daar is soveel dood wat op massaskaal en dit baie keer in naam v. sgn. vaderlandsliefde, geregtigheid ens. gepleeg word - moet 'n mens nou so noukeurig op een gevalletjie let naas die oorwegende, drangrede was een van opregte verlange om smart v. ellende te bespaar!

Ons sal as Xtene nooit verder kom voor ons nie eers die lig v.d. Skrif laat val op die vr. van lewe en dood.